NETWERK24

Aarto maak amok vir vlooteienaars

Deur: Antoinette Slabbert | 07 Julie 2019 00:05 | Rapport

Sakeondernemings met verskeie motors kan 'n nare verrassing kry met verkeersboetes waarvan hulle nie weet nie

Daar is teenstrydige inligting oor waarheen boetes gestuur moet word wat bestuurders van vlootmotors kry. Foto: Jaco Marais

Dít is omdat verskeie verkeersafdelings oor die land heen oënskynlik voortydig begin het om die Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeersmisdrywe (Aarto) se prosedures toe te pas, sê Cornelia van Niekerk, eienaar van Fines4U, wat maandeliks tot 5 000 verkeersboetes namens ondernemings en individue verwerk

Aarto is tans net van toepassing in Johannesburg en Pretoria, maar moet landwyd ingestel word.

Die bedeling in elke ander distrik in die land behels dat maatskappye 'n gevolmagtigde aanwys om boetes namens die maatskappy te ontvang, wat dit dan kan hertoewys aan die betrokke bestuurder wat die verkeersoortreding begaan het.

Die gevolmagtigde kan 'n aangewese werknemer wees of 'n diensverskaffer soos Fines4U. Die Strafproseswet bepaal dat die boete aan die adres van dié gevolmagtigde gestuur moet word

Aarto, aan die ander kant, vereis weer dat verkeersowerhede alle boetes aan die maatskappy se adres wat by eNatis geregistreer is, stuur

Wat nou toenemend gebeur in plekke so wydverspreid soos Durban, Potchefstroom, Ventersdorp en Polokwane, is dat verkeersowerhede die boetes en dagvaardings op die onderneming se ID en adres beteken, sê Van Niekerk. By 'n groot onderneming kan dit beteken dat 'n vrag boetes en dagvaardings by een tak afgelaai word, wat dit nie aan die regte persoon oorhandig nie

Van Niekerk sê nadat sy van die probleem bewus geword het, het sy navraag gedoen en afgekom op R80 000 se boetes wat aan een van haar kliënte, 'n groot motorhandelaar, uitgereik is.

Sy en die kliënt was tot in daardie stadium salig onbewus daarvan

Dr. Blade Nzimande, toe minister van vervoer, het in November verlede jaar op 'n parlementêre vraag van die VF Plus-LP Anton Alberts bevestig dat die praktyk verkeerd is. Volgens hom het staatsaanklaers “die meeste" sulke boetes teruggetrek

Nzimande het toe onderneem om die kwessie onder die aandag te bring van die Padverkeersbestuurskorporasie (RTMC), sodat hy verkeersowerhede kan reghelp.

Die RTMC het egter Vrydag aan *Rapport* gesê verkeersowerhede tree heeltemal korrek en wettig op deur boetes aan die voertuigeienaars uit te reik en nie noodwendig aan hul gevolmagtigdes nie. “Die onus is op die eienaar om die boete laat heruitreik," sê Simon Zwane, die RTMC se woordvoerder.

https://www.netwerk24.com/Sake/Maatskappye/aarto-maak-amok-vir-vlooteienaars-20190707